AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# WOORDMEESTERS

## Bepalings en voorwaardes



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

# Woordmeesters: Bepalings en voorwaardes

1. Hierdie bepalings en voorwaardes geld vir die kompetisie wat deur en in samewerking met Akademia, die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en Pretoria FM aangebied word.
2. Vir die doeleindes hiervan beteken "Akademia" die maatskappy en sy medewerkers, vennote, promotors, medepromotors en borge van hierdie kompetisie, asook die direkteure, beamptes, werknemers, agente en verteenwoordigers van al die genoteerdes.

3. Vir die doeleindes hiervan beteken "VivA", die maatskappy en sy medewerkers, vennote, promotors, medepromotors en borge van hierdie kompetisie, asook die direkteure, beamptes, werknemers, agente en verteenwoordigers van al die genoteerdes.

4. Vir die doeleindes hiervan beteken Pretoria FM, die maatskappy en sy medewerkers, vennote, promotors, medepromotors en borge van hierdie kompetisie, asook die direkteure, beamptes, werknemers, agente en verteenwoordigers van al die genoteerdes.
5. Deur aan die kompetisie deel te neem en/of deur enige van die bepalings en voorwaardes van die kompetisie na te kom, aanvaar jy hierdie bepalings en voorwaardes in geheel.Hierdie aanvaarding geld nie net vir jouself nie, maar ook namens enige ander persoon met wie jy 'n prys mag deel – hetsy die prys enige beloning, geskenk, gratis goedere of dienste, of enige ander gratis aanbod wat deel van die kompetisie uitmaak, insluit. Indien 'n prys aan jou en een of meer bykomende persone ("vennote") toegeken word, bind hierdie aanvaarding julle almal
6. Minderjarige deelnemers wat registreer vir die kategorie skoolleerders (gr. 10-12) moet toestemming verkry van ouers/voogde om deel te neem aan hierdie kompetisie.

7. Die kompetisie is nie oop vir deelname deur:
   7.1. direkteure, lede, vennote, agente, werknemers, konsultante van Akademia of Akademia en/of enige geaffilieerde maatskappye, agentskappe, geassosieerdes, vennote en/of enige verskaffers van goedere of dienste wat verband hou met 'n kompetisie nie; of
   7.2. die gade, lewensmaat, sakevennoot of assosiaat, of die natuurlike of aangenome ouer, kind, broer of suster van enige van die persone wat in 5.1 hierbo gespesifiseer is.
8. Deelnamekriteria of -voorwaardes soos uiteengesit in die reëls van die kompetisie.
9. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen **verdere** korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

10. Akademia en vennote is nie verantwoordelik vir enige inskrywings wat nie ontvang word nie, of nie betyds is nie, ongeag die oorsaak daarvan. Sonder beperking is Akademia en vennote nie verantwoordelik vir enige tegniese probleme of wanfunksionering van enige netwerk, rekenaartoerusting of sagteware nie.
11. Dit is jou verantwoordelikheid, as deelnemer, om te verseker dat enige inligting wat jy verskaf ten opsigte van die kompetisie akkuraat, volledig en op datum is.
12. Enige koste of uitgawes wat jy aangaan, buiten daardie items wat spesifiek in ’n prys ingesluit is, is vir jou eie rekening.
13. Akademia, vennote en borgemaak geen waarborge, hetsy implisiet of uitdruklik, met betrekking tot enige prys nie.
14. Pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie verruil of in kontant omgeskakel word nie.
15. Jy mag nie ’n prys ontvang as dit vir ons onwettig is om so ’n prys aan jou te lewer nie.
16. As jy wen, moet jy alle nodige dokumente en regte hê om jou prys te ontvang.
17. Wenners sal gekontak word via die kontakbesonderhede wat aan Akademia verskaf is. Indien nodig, kan bykomende inligting versoek word.
18. Indien geen reaksie binne die aangeduide tydperk ontvang word nie, sal die prys verbeur word en ’n plaasvervangende wenner aangewys word.
19. Akademia behou die reg voor om die kompetisie of enige deel daarvan te wysig, uit te stel, of te kanselleer sonder vooraf kennisgewing.
20. Deur aan die kompetisie deel te neem, vrywaar jy hiermee Akademia hul vennote en borge teen enige en alle eise, verliese, skade, of aanspreeklikheid wat voortspruit uit:
    18.1 jou deelname aan die kompetisie;
    18.2 enige oortreding van hierdie bepalings en voorwaardes;
    18.3 en/of die aanvaarding of gebruik van enige prys.
21. Deur in te skryf vir hierdie kompetisie mag Akademia, vennote en borge deelnemers se name, stem, foto’s en video’s gebruik vir bemarkingsdoeleindes.
22. Jou persoonlike inligting sal slegs gedeel word met derde partye waar dit:
    21.1 noodsaaklik is vir die uitvoering van die kompetisie (soos beoordelaars, tegniese ondersteuningsdienste of afleweringsvennote); of
    21.2 wettig vereis word ingevolge enige toepaslike wet of regulasie.
23. Jou persoonlike inligting sal nie vir enige ander doeleindes gebruik word nie, tensy jy uitdruklik toestemming gee.
24. Akademia sal alle redelike maatreëls tref om jou inligting veilig te hou en te beskerm teen ongemagtigde toegang, verlies of misbruik.
25. Hierdie bepalings en voorwaardes word in ooreenstemming met die wette van die Republiek van Suid-Afrika geïnterpreteer.

26. Akademiabehou die reg voor om hierdie bepalings en voorwaardes te wysig, en sal dit op hul webtuistes publiseer.
27. Jou formele registrasie op die Akademia-webblad is verpligtend vir die kompetisie om in aanmerking vir die topdrie te wees. Vyf aanlyn toetse sal beskikbaar gestel word en kan tot en met 6 Julie 2025 voltooi word.
    i. Ondersteunende hulpbronne soos bv. Kunsmatige intelligensie, woordeboeke en persone anders as die deelnemers mag gebruik word tydens die aflê van toetse nie.
28. Akademia aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige:
29. 30.1 onvoorsiene gebeure (soos natuurrampe, pandemies, tegniese stelselinstruksies, ens.)
30. 30.2 of handelinge buite hul redelike beheer wat die verloop van die kompetisie beïnvloed nie.
31. 31. Indien daar van jou verwag word om fisies deel te neem aan 'n finaal of enige ander verwante aktiwiteit, berus dit by jou as deelnemer om vooraf seker te maak dat jy in 'n goeie gesondheidstoestand verkeer en fisies geskik is vir sodanige deelname. Akademiaaanvaar geen aanspreeklikheid vir enige mediese of fisiese gevolge wat direk of indirek mag voortvloei uit jou deelname nie, wat insluit maar nie beperk is tot beserings, gesondheidskomplikasies of enige ander nadelige fisiese reaksies.
32. Indien enige deel van hierdie bepalings onwettig of onafdwingbaar is, sal daardie deel
33. geskei word van die res van die bepalings, wat geldig en afdwingbaar sal bly.